# BOEKBESPREKING.

DR. G. BRILLENBURG WURTH, *Christelijke Zedeleer*, J. B. Wolters, Groningen-Djakarta 1954, 103 blz.

Die boeke oor die Teologiese Etiek kan hoofsaaklik in drie groepe verdeel word nl. Inleidings, Volledige Handboeke oor die Teologiese Etiek, én Monografië oor verskillende enkel-onderwerpe.

Wat die „Inleidings" betref, dink 'n mens aan die name van Otto Piper, Karl Heim, Kurt Leese, Roger Mehl, Alfred de Quervain, N. H. Söe, Helmut Thielecke, Hendrik van Oyen e.s.m. Die moeilikheid met hierdie „Inleidings"-van-grotere-omvang, is dat hulle eintlik monografië oor inleidingsvraagstukke (bv. Uitgangspunt, Grondslae, Gesindheid, Oordeel, Handeling, Wet van God e.s.m.) gee. Die beginner vind hier weinig oriëntering, omdat 'n sodanige „Inleiding" alreeds 'n aansienlike vordering op die weg van Teologie en Teologiese Etiek veronderstel.

Ook die „Volledige Handboeke" is dikwels van sodanige omvang, dat die beginner as't ware verdwaal raak in die groot hoeveelheid probleme en stof. Veral wanneer dit verskillende volumes beslaan (soos bv. by de Quervain) ontbreek dit aan oorsigtelikheid.

Die „Monografië" (bv. oor Huwelik, Gesin, Geslag, Opvoeding, Arbeid, Beroep, Roeping, Bedryf, Loon, Eiendom, Staat, Reg, Volk, Kerk e.s.m.) wil uiteraard geen Inleidings wees nie, maar veronderstel 'n deeglike Teologiese skoling.

Die bogenoemde boekie van BRILLENBURG WURTH vorm binne hierdie raamwerk 'n goeie uitsondering. Dit is 'n „Inleiding" in die werklike sin van die woord, en gee beide wat die Inleidingsprobleme én wat die Stof betref, 'n helder en duidelike oorsig. Die Inleidingsprobleme van die Teologiese Etiek word behandel op bladsye 7-68, terwyl op bladsye 69-103 die „praktiese Etiek" (ons lewe, ons liggaam, ons tyd, ons vriendskap, ons liefdeslewe, ons gesin, die rassevraagstuk, ons eiendom, ons arbeid, ons burger-syn, ons kultuurtaak) ter sprake kom. Maar ook hierdie praktiese gedeelte is inleiding, oriëntering. Hierin word naamlik die meeste fundamentele vrae en verhoudings i.v.m. die praktiese vraagstukke genoem en kortliks ontvou.

In hierdie sin is die werkie van WURTH een van die bestes wat ek ken. Ek self het dit vir alreeds vir 3 jaar gebruik as eerste Inleiding vir my studente in die Teologiese Etiek. Maar dit kan ook goeie dienste lewer in die katkisasieklas en vir Godsdiensonderrig op skool. Kortom: 'n Baie goeie en aanbevelenswaardige werkie van 'n goeie wetenskaplike in die Teologiese Etiek.

B. J. ENGELBRECHT.